
# MY HERINNERINGS VAN ONS TAALSTRYD



Die Skrywer in jonger jare.

# MY HERINNERINGS VAN ONS TAALSTRYD

DEUR

J. H. H. DE WAAL.

NASIONALE PERS, BEPERK,
Kaapstad, Stellenbosch en Bloemfontein.

1932.

## 'N WOORD VOORAF.

Onder die titel: „Die Taalstryd — en 'n Ketter" het hierdie werk in 'n reeks artikels in *Die Huisgenoot* verskyn (12 Feb. tot 13 Mei 1932). Dit bevat in hoofsaak die skrywer se herinnerings van die worstelstryd van Afrikaans tussen die jare 1895 en 1907, d.w.s. die tydperk waarin die Eerste Afrikaanse Taalbeweging verkwyn en verdwyn het en die Tweede aan die beurt gekom het. Hoewel die stuk meer bepaald oor mnr. De Waal se eie aandeel handel en heeltemal nie bedoel is om 'n relaas van die taalstryd te lewer nie, werp dit tog ontsaglik veel lig op die algemene geskiedenis van genoemde interessante periode. So 'n werk, meen vele wat kan oordeel, verdien om uit die vergetelheid ontruk te word. Vandaar dat ons die skrywer versoek het om ons toe te laat om die verhaal in boekvorm uit te gee. Nie alleen het hy hiertoe ingewillig nie, hy het ook die hele beskrywing hersien; verskeie foutjies reggemaak; sekere bewerings in juister taal gestel; enige nuwe items en nuwe portrette bygevoeg; aan die verskillende hoofstukke, so na moontlik, toepaslike opskrifte verleen; alle paragrawe wat enigsins oor aparte punte handel, van eie onderhoofde voorsien; die inhoud 'n noukeurige bladaanwysing besorg, en die pennevrug 'n ander naam gegee. Ons wil hoop dat die boek van grote diens sal blyk, nie alleen as boustof vir die geskiedskrywer nie, maar as 'n studie vir almal wat in die historie van die Afrikaanse taal belangstel.

DIE UITGEWERS.

Kaapstad, 20 Aug. 1932.

# VOORWOORD.

Daar ek van die ontstaan van die Tweede Afrikaanse Taalbeweging getuie was, ja self 'n lewendige aandeel in die beweging gehad het, het 'n heelparty persone wat in die onderwerp belang stel, veral taalprofessore, van tyd tot tyd by my aangedring om my herinnerings daaromtrent te boekstaaf.

Om aan so 'n versoek te voldoen, het ek huiwerig gevoel, omdat ek wis dat ek my daardeur sou blootstel aan 'n aantyging van egoïsme of, erger nog, selfverheerliking — 'n beskuldiging wat my dan ook alreeds voor die kop geslinger is, naamlik toe ek in 1921 'n stuk in *Die Burger* geplaas het omtrent die taaltoestande in ons land tydens die eerste uitgawe van my *Johannes van Wyk.* Egter, na die wanvoorstellings wat ek, nou 'n paar jaar gelede, omtrent die Tweede Afrikaanse Taalbeweging in *Die Burger* gelees het uit die pen van iemand wat beter behoort te weet, het ek myself afgevra of dit nie per slot van rekening my *plig* is om, ter wille van die geskiedkundige waarheid, aan gemelde versoek gehoor te gee nie; en toe welmenende vrinde, onder wie senator (nou dr.) C. J. Langenhoven en dr. H. G. Viljoen, my opnuut aanspoor om dit te doen, het ek besluit om maar die stoute skoene aan te trek.

In Junie 1930 het ek met die *Balmoral Castle* vir my gesondheid Europa-toe gereis, en toe genoeg gegewens met my meegeneem om die hoofdeel van die werk aan boord te verrig. Ek sou skrywe tot by die stigting van die Afrikaanse Taalvereniging

(November 1906). My plan het ek uitgevoer. Terwyl my mede-passasiers hul tyd verdrywe met dekspeletjies, kaart en ander gesellige pret, het ek my gewoonlik verberg in die stille skryfsalon, en toe die boot by Southampton stilhou, was die vernaamste deel van die taak wat ek onderneem het, al agter die rug. Gedurende die res van my reis het ek baie bygevoeg; en kort na my terugkeer in my vaderland kon ek, na enige aanvullings, die werk in *Die Huisgenoot* publiseer. Weer egter het die ou vrees opgekom, ek aan die weifel gegaan, en die manuskripte weggepak. Vandaar die gesloer. Maar hier volg nou alles.

DIE SKRYWER.

Kaapstad, 2 Jan. 1932.

## HOOFSTUKKE EN HUL INHOUD.

Bll.

I (1872-88.) BEGIN VAN DIE AFRIKAANSE TAALBEWEGING. IETS VAN 'N OORSIG ... ... ... ... ... ... ... ... 1-16

Beperkte doel van hierdie werk. Heel begin van die beweging. Die Afrikaans van my voorouers. Genootskap van Regte Afrikaners. Hollanders kon oordeel. Die ,,Patriot'' gestig. Oom ,,Loko'' en C. P. Hoogenhout. Eienskappe van ds. Du Toit. Die ,,Z. Afrikaan'' en die ,,Patriot.'' Die ,,Patriot'' word politieke orgaan. ,,Het Volksblad'' en ,,Die Patriot.'' Die ,,Patriot'' wen grond deur sy nasionale karakter. Die dominee openlik editeur. Die ,,Patriot'' en die Kerk. Die ,,Patriot'' en onderwysers. Houding van ,,Z. Afrikaan'' en ,,Volksbode.''

II. (1888-94.) STADIGE VORDERING. IN MY JONG JARE ... 17-33

Redes vir Nederlands. My onderwyseresse. 'n *Pro*-Afrikaans onderwyser. My toesprake in Afrikaans. Die ,,Hotnotstaal'' word vermy. 'n Te min gewaardeerde taalwerk. Melt Brink en Willie Maskew. G'n besigheidsbriewe in Afrikaans nie. Ek gee les deur Afrikaans. My eerste ernstige poging. Afrikaans ongewild ook op Pretoria. My klugrympies. ,,Ons Land'' gestig deels weens Afrikaans. My eerste toneelspelletjies. Die Nuwe Kerk se C.J.V. Afrikaans verfoei, huistaal Engels. 'n *Spes Patriae*. W. J. Viljoen dokter, maar steun nog Afrikaans.

III. (1895-97) BEWEGING BEREIK KEERPUNT. GEDURENDE MY VERBLYF IN EUROPA ... ... ... ... ... ... ... 34-44

Die les uit Amsterdam. Engelse antwoorde op Afrikaanse briewe. Ek moet liewer afsien van die ,,Patriot''-taal! Die Eerste Beweging bereik sy keerpunt. ,,Ons Klyntji'' gebore. Die Pêrel as nasionale sentrum geknou. ,,Het Dagblad'' op die toneel. My eerste drama: ,,Anjèlina.'' Wil editeur van ,,Ons Land'' wees!

IV. (1897-9.) GEWONNE GROND RAAK VERLORE. EK TERUG UIT EUROPA ... ... ... ... ... ... ... ... ... ... 45-61

Aan „Het Dagblad." „Koningin van Skeba." Afrikaans in on-Afrikaanse hande. Onse Jan oor Du Toit. Die aspirant Diktator. Geleentheidsgediggies. Kerk omhels Engels en verstoot Afrikaans. „Die Miskende Dominee." Willie Maskew help. Ook „Jan Kieser." Willie Versfeld. Taalbond wil net Nederlands. Suiker aan die klontjie. Had Onse Jan die voortou gevat. Waarom Du Toit omgegooi het.

V. (1899-1901.) DIE LANDSTAAL IN HAGLIKE TOESTAND. GEDURENDE DIE OORLOG ... ... ... ... ... ... ... 62-77

Waar bly dr. Viljoen? My eerste voorlesing oor die Volksraad. Op my hoede. „Pas op tog, Schreiner!" Meer geleentheidsgediggies. Wraak. „Ons Land" in die pekel. Frans Malan tronktoe. Taalstryd buiten sprake. Afrikaans verder agteruitgesit. In die begin van 1902 nog erger. „Cape Times" en ek haak. Het 'n Afrikaanse taalbeweging direk op oorlog gevolg?

VI. (1902.) LYK HOPELOOS NÁ VREDESLUITING. DIE VERDERFLIKE KONSILIASIEGEES ... ... ... ... ... ... 78-90

„Jan Kieser" en „Janni" herlewe. Baie Bondslede praat nou Engels. 'n Verwyt in rym. Kerk lewer ook verderflike voorbeeld. Die vyand eksploiteer ons papheid. Wat was ons te wagte? Du Toit vergoed van die baan. 'n Skone kans vir Viljoen. Maar ook hy stel teleur. Polemiek begin. Iets van 'n opflikkering.

VII. (1903.) IETS VAN 'N TAALBEWEGING. MY „GOEDE HOOP" ... ... ... ... ... ... ... ... ... ... ... 91-106

„Afrikaans hopeloos verdwaald." „Ek" en „hom" verdedig. Ek kry hulp. Versies oor ons volkstaal. Taalbond staan weer op. Volkstaal te word gesus deur konsessies. „De Goede Hoop." Nog twee klugspelletjies. „Jan Kieser" nog daar. „De Goede Hoop" gaaf gesteun. Bydrae in Afrikaans. Melt Brink ontevrede. Ek bly aan as editeur. Hoe om Afrikaans te bevorder en vrede te bewaar? „Anjèlina." Onverhoeds prys Oom Melt Afrikaans. Spel volgens uitspraak. Oom Melt se ongedokterde taal.

VIII. (1903-4) TAALBOND MET SY ,,VEREENVOUDIGD HOLLANDS." EK STEL AFRIKAANS VOOR ... ... ... ... 107-122

Afrikaans gewild by jong lesers. Hou maats met alle partye. Waarom Parlementslede Engels praat. Vreedsame deurdringing. Geboorte van ,,Johannes van Wyk." 'n Voorstel om te organiseer. Tyd nog nie ryp nie. ,,Charter" vir 'n nuwe moedertaal! 'n Jeremia-lied en 'n antwoord. Die ,,Vereenvoudiging"-voorstelle. Ek daar vies voor. Pleit vir alternatief: Afrikaans. 'n Lewendige polemiek. ,,De Goede Hoop" bespot die mengelmoes. Weer 'n taalkonferensie.

IX. (1905.) 'N HEWIGE TWISGESKRYF. EK MAAK VYANDE 123-138

Verslaan, maar tevrede. 'n Nuwe taktiek. ,,Ons Land" partydig verby. Maar dit baat niks. Dr. Viljoen kraai. Maar teenstand duur voort. O. Kamerlingh-Onnes se beskouings. Dr. Viljoen word diplomaat! 'n Hollandse torinkie van Babel. Melt Brink onverbiddelik. Die volk se natuurlike neiging. Invoer van ,,Vereenvouding" geleidelik? Dr. Viljoen definieer sy standpunt. Wrywing tussen dr. Viljoen en myself. Prof. De Vos waarsku my. Viljoen wil opposiesieblad stig. G'n volksgroep vir landstaal nie?

X (1905.) JOERNALISTE KOM UIT VIR AFRIKAANS. DIE HOOF-BAANBREKERS ... ... ... ... ... ... ... ... 139-154

Die uitsondering op die reël. Kon nie anders nie. My eie ondervinding as editeur. 'n Meisie waag Nederlands! Joh. Visser se bekering. Taalbond beveg met eie wapen. D. P. du Toit (,,De Middellandsche Afrikaander"). J. S. M. Rabie (,,De Afrikaner"). ,,Transvaler" en ,,Land en Volk." J. S. M. Rabie, weer. ,,De Vriend." ,,De Volkstem." Eugéne Marais. ,,Het Zuid-Westen"—Nico Hofmeijr. F. S. Malan 'n uitsondering. Joernaliste die eerste auteurs.

XI. (1905.) BEWEGING NEEM TOE. WIE REGTIG ERNSTIG WAS ... ... ... ... ... ... ... ... ... ... ... 155-173

Die vyand lag in die mou. Onse Jan: Veeg voor eie deur! In die groen hout. Die wortel van die kwaad. Water op die eend se rug. Was die Noorde te stadig? Leiding uit die Suide.

Die ,,Volkstem''-manne. Preller ewe-eens geknelter. ,,Laat 't ons toch ernst wezen.'' Ek maak met Preller kennis. Watter soort Afrikaans? Preller se pamflet. My hartlike ondersteuning. Organisasie. ,,De Goede Hoop'' moes takt gebruik. Die suurdeeg moet eers rys. 'n Afrikaanse spraakkuns. Prof. De Vos se ,,Open Brief.'' ,,Vecht niet in eigen kamp.'' Prof. Marais se kombuistaal.

XII. (1905-6.) TAALBOND IN OORWINNINGSROES, ONDERSKAT KRAG VAN TEENPARTY ... ... ... ... ... ... 174-189

'n A.T.G. op Pretoria gestig. ,,De Unie.'' Moet ons nou Nederlands spreek? Vaderlike troos. Viljoen spog weer. Tot waarby die oorning beperk was. ,,Africander Grammar'' nie tuis in ,,De Goede Hoop'' nie. Gee Afrikaans pad? Celliers se ,,Vlakte.'' Teveel gekoppel aan ,,Vereenvoudiging.'' Handjievol moet die spit afbyt. Witvoetjie by die A.C.V.V. Elizabeth Roos. ,,Johannes van Wyk'' in boekvorm. Geesdriftige wapenbroers.

XIII. (1906.) DIE A.T.V. GEBORE. MY VINGER DAARIN ... 190-206

Krygsraad. Voorlopige organisasie. Die voorlopige vergadering. As ,,Ons Land'' ons help. Onse Jan kwaad. Prof. De Vos bedroef. Dr. D. F. Malherbe begin skiet. Dr. Viljoen se antwoord. Woede buite woorde. Voorlopige kommissie gee verslag. Vereniging gestig. Die Hoofbestuur. Gelukwensings. Die amptenare. Die Statute. Baanbrekers in die Z.A.O.U. Was die A.T.V. eksklusief?

XIV. (1906.) YWER IN DIE NOORDE. ONGENOEMDE VOORSTANDERS ... ... ... ... ... ... ... ... ... 207-206

Die posisie in die Vrystaat. 'n Taalbeweging op Bloemfontein. Nie die egte artikel nie. Hertzog. Wou my nie kompromitteer nie. My spelling. Die volkstaal op Johannesburg. Ander bekende voorstanders. 'n Kamtige A.T.V.-lied.

XV. (Na 1906.) JONG SUID-AFRIKA KIES KANT. GERUS GAAN EK SLAAP ... ... ... ... ... ... ... ... 173-228

'n Sug van verligting. As ek meer moes vertel. Die beslissende faktor. My verwagtings oortref.